Kennis word hierby ingevolge artikel 36 van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), gegee dat die voorlopige aanvullende waarderingslys vir die boekjare 1981/82 oop is vir inspeksie by die kantoor van die Plaaslike Bestuur van Johannesburg vanaf 18 Augustus 1982 tot 20 September 1982 en enige eienaar van belasbare eiendom of ander persoon wat begerig is om 'n beswaar by die Stadsklerk ten opsigte van enige aangeleentheid in die voorlopige aanvullende waarderingslys opgeteken, soos in artikel 34 van die genoemde Ordonnansie beoog, in te dien, insluitende die vraag of sodanige eiendom of 'n gedeelte daarvan onderworpe is aan die betaling van eiendomsbelasting of daarvan vrygestel is, of ten opsigte van enige weglating van enige aangeleentheid uit sodanige lys, doen so binne gemelde tydperk.

Die voorgeskrewe vorm vir die indiening van 'n beswaar is by die adres hieronder aangedui beskikbaar en aandag word spesifiek gevestig op die feit dat geen persoon geregtig is om enige beswaar voor die waarderingsraad te opper tensy hy 'n beswaar op die voorgeskrewe vorm betyds ingedien het nie.

ALEWYN BURGER
Stadsklerk

Vyfde Verdieping
Burgersentrum
Braamfontein
Johannesburg
18 Augustus 1982
Kennisgewing No 266/1982

935—18

TOWN COUNCIL OF KEMPTON PARK

AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS

It is hereby notified in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Council proposes to amend the following by-laws:—

Electricity By-laws.

The general purport of this amendment is as follows:—

(a) To increase the electricity tariffs of the Council with 5 %.

(b) To amend the Electricity By-laws according to the repealing of the Electrical Wiremen and Contractor's Act and the amendment to the Factories, Machinery and Building Work Act.

Copies of this amendment will be open for inspection at the office of the Council for a period of fourteen days from the date of publication hereof.

Any person who wishes to object to the proposed amendment must lodge his objection in writing on or before Thursday, 2 September 1982 with the undersigned.

Q W VAN DER WALT
Town Clerk

Town Hall,
Margaret Avenue,
(PO Box 13)
Kempton Park
18 August 1982
Notice No 57/1982

STADSRAAD VAN KEMPTONPARK

WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVERORDENINGE

Daar word hierby ingevolge artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend gemaak dat die Raad voornemens is om die volgende verordeninge te wysig:—

Elektrisiteitsverordeninge.

Die algemene strekking van hierdie wysiging is soos volg:—

(a) Om die elektrisiteitstariewe van die Raad met 5 % te verhoog.

(b) Dat met inagneming van die herroeping van die Wet op Elektriese Draadwerkers en Aannemers en die Wysiging van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, die Elektrisiteitsverordeninge dienooreenkomstig gewysig word.

Afskrifte van hierdie wysiging lê ter insae by die kantoor van die Raad vir 'n tydperk van veertien dae vanaf die datum van publikasie hiervan.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysiging wens aan te teken, moet dit skriftelik voor of op Donderdag, 2 September 1982 by die ondergetekende doen.

Q W VAN DER WALT
Stadsklerk

Stadhuis,
Margaretlaan,
(Posbus 13),
Kemptonpark
18 Augustus 1982
Kennisgewing No 57/1982

936—18

TOWN COUNCIL OF KLERKSDORP

AMENDMENT OF STANDARD BUILDING BY-LAWS

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that it is the intention of the Town Council to amend its Standard Building By-Laws in order to provide for the installation of entrance doors leading from garages to dwellings.

A copy of the proposed amendment will lie for inspection at Room 210, Municipal Offices, during normal office hours for a period of fourteen days from the date of publication of this notice.

Any person who has any objection to the proposed amendment must lodge his objection to writing with the undersigned within a period of fourteen days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

JC LOUW
Town Clerk

Munisipal Offices
Klerksdorp
18 August 1982
Notice No 66/82

STADSRAAD VAN KLERKSDORP

WYSIGING VAN STANDAARD-BOUVERORDENINGE

Hiermee word kennis gegee ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad voornemens is om sy Standaard-Bouverordeninge te wysig ten einde voorsiening te maak vir die installering van toegangsdeure vanuit motorhuise na woonhuise.

Afskrifte van die voormelde wysiging sal gedurende gewone kantoorure by kamer 210, Stadskantoor, vir 'n tydperk van veertien dae vanaf die publikasie van hierdie kennisgewing ter insae lê.

Enige persoon wat beswaar teen die voorgestelde wysiging wil aanteken moet sodanige beswaar skriftelik binne veertien dae na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant by die ondergetekende indien.

JC LOUW
Stadsklerk

Stadskantoor
Klerksdorp
18 Augustus 1982
Kennisgewing No 66/82

937—18

TOWN COUNCIL OF KLERKSDORP

PROCLAMATION OF PUBLIC ROAD

Notice is hereby given in terms of the provisions of the "Local Authorities Roads Ordinance", No 44 of 1904, as amended, that the Town Council of Klerksdorp has petitioned the Administrator to proclaim:—

(i) that portion of Ian Street from the Schoonspruit to its connection with Wilke Avenue and from there with a narrow strip along the eastern side of Wilkeville township up to Michael Street, situated within the municipal area of Klerksdorp, as a public road, 35 m wide; and

(ii) that portion of Steyn Street from the north-western corner of erf 373, Wilkoppies Extension 3 to its connection with Ian Street, situated within the municipal area of Klerksdorp, as a public road, 6,30 m wide which, together with the present right of way of 9,45 m wide, will eventually make it 15,75 m wide.

Copies of this petition, the diagram and a description of the particular roads will lie for inspection at the office of the undersigned during normal office hours.

Any person who has any objection to the proposed proclamation or who may have any claim for compensation if the proclamation should be carried out, must lodge his objection or claim as the case may be, in writing in duplicate with the Director of Local Government, Private Bag X437, Pretoria and with the undersigned not later than Wednesday, 29 September 1982.

J C LOUW
Town Clerk

Municipal Offices
Klerksdorp
18 August 1982
Notice No 67/82

———

STADSRAAD VAN KLERKSDORP

PROKLAMERING VAN OPENBARE PAD

Hiermee word, ingevolge die bepalings van die "Local Authorities Roads Ordinance" No 44 van 1904, soos gewysig, kennis gegee dat die Stadsraad van Klerksdorp 'n versoek tot die Administrateur gerig het om:-

(i) dié gedeelte van Ianstraat vanaf die Schoonspruit tot waar dit by Wilkelaan aansluit en vandaar met 'n smal strook al langs die oostekant van Wilkeville-dorpsgebied tot by Michaelstraat, geleë binne die munisipale gebied van Klerksdorp, tot openbare pad, 35 meter wyd, te verklaar; en

(ii) om dié gedeelte van Steynstraat vanaf die noordwestelike hoek van erf 373 in Wilkoppies Uitbreiding 3 tot waar dit by Ianstraat aansluit, geleë binne die munisipale gebied van Klerksdorp, tot 'n openbare pad, 6,30 meter wyd, te verklaar, sodat dit saam met die bestaande reg van weg, 9,45 meter wyd, uiteindelik 15,75 meter breed sal wees.

'n Afskrif van die versoekskrif, 'n afdruk van die kaart en 'n beskrywing van die betrokke padgedeeltes sal gedurende gewone kantoorure op kantoor van die ondergetekende ter insae lê.

Enige persoon wat teen die voorgestelde proklamasie beswaar het of wat enige eis om skadevergoeding sal hê indien die proklamasie uitgevoer word, moet sy beswaar of eis na gelang van die geval skriftelik en in tweevoud by die Direkteur van Plaaslike Bestuur, Privaatsak X437, Pretoria en by die ondergetekende nie later as Woensdag, 29 September 1982 indien.

JC LOUW
Stadsklerk

Stadskantoor
Klerksdorp
18 Augustus 1982
Kennisgewing No 67/82

938—18—25—1

TOWN COUNCIL OF LICHTENBURG

DETERMINATION OF CHARGES: SANITARY- AND REFUSE REMOVAL TARIFFS

It is hereby notified in terms of section 80(b) of the Local Government Ordinance, 1939, that the Council has by special resolution resolved to increase the tariff for sanitary- and refuse removal in terms of the relevant By-laws payable by all classes of consumers as from 1 August 1982.

Copies of this determination are open to inspection at the office of the Council for a period of fourteen days from the date of publication hereof.

Any person who desires to record his objection to the said amendments must do so in writing to the undermentioned within 14 days after the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

GF DU TOIT
Town Clerk

Civic Centre
Lichtenburg
18 August 1982
Notice No 32/1982

———

STADSRAAD VAN LICHTENBURG

VASSTELLING VAN GELDE: SANITÊRE- EN VULLISVERWYDERINGS-TARIEWE

Daar word hierby ingevolge artikel 80(B) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend gemaak dat die Stadsraad by Spesiale Besluit die tariewe van gelde vir sanitêre- en vullisverwydering wat ingevolge die betrokke verordeninge betaalbaar is met ingang 1 Augustus 1982 van alle klasse verbruikers verhoog het.

Afskrifte van hierdie vasstelling lê ter insae by die kantoor van die Raad vir 'n tydperk van veertien dae vanaf die datum van publikasie hiervan.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysigings wens aan te teken moet dit skriftelik binne 14 dae na die datum van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant by die ondergetekende doen.

GF DU TOIT
Stadsklerk

Burgersentrum
Lichtenburg
18 Augustus 1982
Kennisgewing No 32/1982

939—18

TOWN COUNCIL OF LICHTENBURG

NOTICE OF DRAFT TOWN-PLANNING SCHEME

The Town Council of Lichtenburg has prepared a Draft Amendment Town-planning Scheme to be known as Lichtenburg Amendmend Scheme 1/30.

The scheme will be an Amendment Scheme and contains the following proposal:

The rezoning of Portion 67 (a part of Scholtz Street) and Portions 18 and 19 of the farm Lichtenburg Town and Townlands 27 IP from "Existing Main Road" to "Government Land".

The purpose of this rezoning is to alienate the abovementioned properties to the Transvaal works department for consolidation with and extension of the existing high school site.

If you desire any further information please approach the Town Clerk.

If you wish to lodge an objection or make representations, you must do so in writing before 15 September 1982.

G F DU TOIT
Town Clerk

Room 10
Municipal Offices
Lichtenburg
2740
18 August 1982

———

STADSRAAD VAN LICHTENBURG

KENNISGEWING VAN ONTWERP-SKEMA

Die Stadsraad van Lichtenburg het 'n Ontwerpdorpsbeplanningskema opgestel wat bekend sal staan as Lichtenburg-wysigingskema 1/30.

Hierdie skema sal 'n wysigingskema wees en bevat die volgende voorstel:

Die hersonering van Gedeelte 67 ('n deel van Scholtzstraat) en Gedeeltes 18 en 19 van die plaas Lichtenburg Dorp en Dorpsgronde 27 IP vanaf "Bestaande Hoofpaaie" tot "Goewermentsdoeleindes".

Die doel van hierdie hersonering is om bogenoemde eiendomme aan die Transvaalse Werkedepartement te vervreem vir konsolidasie met en uitbreiding van die bestaande hoërskool terrein.

Indien u enige verdere inligting verlang, tree asseblief met die Stadsklerk in verbinding.

Indien u 'n beswaar wil indien of vertoë wil rig, moet u dit skriftelik voor 15 September 1982 doen.

G F DU TOIT
Stadsklerk

Kamer 10
Munisipale Kantore
Lichtenburg
2740
18 Augustus 1982

940—18—25

LOCAL AUTHORITY OF MARBLE HALL

NOTICE OF GENERAL RATE OF RATES AND OF FIXED DATE FOR PAYMENT IN RESPECT OF FINANCIAL YEAR 1 JULY 1982 TO 30 JUNE 1983

(Regulation 17)

Notice is hereby given that in terms of section 26(2)(a) or (b) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), the following general rate has been levied in respect of the abovementioned financial year on rateable property recorded in the provisional valuation roll: On the site value of any land or right in land: 7,5 cent in the Rand.

The amount due for rates as contemplated in section 27 of the said Ordinance shall be payable in nine (9) equal instalments, the first being payable on 1 September 1982 and the last instalment being payable on 1 May 1983.

Interest of 13 per cent per annum is chargeable on all amounts in arrear after the fixed day and defaulters are liable to legal proceedings for recovery of such arrear amounts.

F H SCHOLTZ
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 111
Marble Hall
0450
18 August 1982
Notice No 11/1982

PLAASLIKE BESTUUR VAN MARBLE HALL

KENNISGEWING VAN ALGEMENE EIENDOMSBELASTING OP EIENDOMSBELASTINGS EN VAN VASGESTELDE DAG VIR BETALING TEN OPSIGTE VAN DIE BOEKJAAR 1 JULIE 1982 TOT 30 JUNIE 1983

(Regulasie 17)

Kennis word hierby gegee dat ingevolge artikel 26(2)(a) of (b) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Bestuur, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), die volgende algemene eiendomsbelasting ten opsigte van die bogenoemde boekjaar gehef is op belasbare eiendom in die voorlopige waarderingslys opgeteken: Op die terreinwaarde van enige grond of reg in grond: 7,5 sent in die Rand.

Die bedrag verskuldig vir eiendomsbelasting soos in artikel 27 van die genoemde Ordonnansie beoog, is in nege (9) gelyke maandelikse paaiemente betaalbaar: die eerste op 1 September 1982 en die laaste op 1 Mei 1983.

Rente teen 13 % per jaar is op die agterstallige bedrae na die vasgestelde dag hefbaar en wanbetalers is onderhewig aan regsproses vir die invordering van sodanige agterstallige bedrae.

F H SCHOLTZ
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 111
Marble Hall
0450
18 Augustus 1982
Kennisgewing No 11/1982

941—18

ADMINISTRATOR'S NOTICE

CORRECTION NOTICE

NABOOMSPRUIT MUNICIPALITY: WATER SUPPLY BY-LAWS

Notice No 23/1982 published in the Official Gazette dated 30 June 1982 is hereby corrected by the substitution in item 2(9)(b) for the figures "10,00" and "15,00" of the figures "0,36" and "0,40" respectively.

J T POTGIETER
Town Clerk

Civic Centre
Louis Trichardt Avenue
Private Bag X340
Naboomspruit
18 August 1982
Notice No 36/1982

ADMINISTRATEURSKENNISGEWING

KENNISGEWING VAN VERBETERING

MUNISIPALITEIT NABOOMSPRUIT: WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE

Kennisgewing 33/1982 afgekondig in die Offisiële Koerant van 30 Junie 1982 word hierby verbeter deur in item 2(9)(b) die syfers "10,00" en "15,00" onderskeidelik deur die syfers "0,36" en "0,40" te vervang".

J T POTGIETER
Stadsklerk

Burgersentrum
Louis Trichardtlaan
Privaatsak X340
Naboomspruit
18 Augustus 1982
Kennisgewing No 36/1982

942—18

TOWN COUNCIL OF ORKNEY

AMENDMENT OF ELECTRICITY BY-LAWS

Notice is hereby given in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, as amended that the Town Council of Orkney intends to amend the Electricity By-laws of the Orkney Municipality, adopted under Administrator's Notice 1580, dated 13 September 1972, as amended, to make provision for a tariff payable by consumers of 3,9128c per kWh consumed in respect of electricity supplied to land mentioned in item 1(1)(a) of the Tariff of Charges and 5,9222c per kWh consumed in respect of electricity supplied to land mentioned in item 1(1)(b) of the Tariff of Charges.

The provisions of this amendment have already been levied in terms of section 83 of the mentioned Ordinance and are applicable for all accounts rendered in respect of readings taken and services rendered from 1 August 1982.

Copies of the proposed amendment will be open for inspection between the hours 08h00 and 17h00 on Mondays to Fridays inclusive at Room 124, Civic Centre, Patmore Road, Orkney, for 14 (fourteen) days from the date of publication of this notice in the Official Gazette of the Province of Transvaal.

Any person who desires to record his or her objections to the proposed amendment, must do so in writing to reach the undersigned within 14 (fourteen) days after the date of publication of this notice in the Official Gazette of the Province of Transvaal, however not later than 1 September 1982.

J L MULLER
Town Clerk

Civic Centre
Patmore Road
Orkney
2620
18 August 1982
Notice No 26/1982

STADSRAAD VAN ORKNEY

WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSVERORDENINGE

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Orkney van voorneme is om die Elektrisiteitsverordeninge van die Munisipaliteit Orkney, aangeneem by Administrateurskennisgewing 1580 van 13 September 1972, soos gewysig, verder te wysig deur voorsiening te maak vir 'n tarief betaalbaar deur verbruikers van 3,9128c per kWh elektrisiteit verbruik gelewer aan grond vermeld in item 1(1)(a) van die Tarief van Gelde en 5,9222c per kWh elektrisiteit verbruik gelewer aan grond vermeld in item 1(1)(b) van die Tarief van Gelde.

Die bepalings van hierdie wysiging is reeds ingevolge artikel 83 van die genoemde Ordonnansie gehef en is van toepassing vir alle rekenings gelewer ten opsigte van lesings geneem en dienste gelewer vanaf 1 Augustus 1982.

Afskrifte van die voorgestelde wysiging lê van Maandag tot en met Vrydag, tussen die ure 08h00 tot 17h00, veertien dae lank, vanaf die datum waarop hierdie kennisgewing in die Offisiële Koerant van die Provinsie Transvaal verskyn, te Kamer 124, Burgersentrum, Patmoreweg, Orkney, ter insae.

Iemand wat teen die voorgestelde wysiging beswaar wil aanteken, moet sy beswaar binne 14 (veertien) dae van die datum waarop hierdie kennisgewing in die Offisiele Koerant van die Provinsie Transvaal verskyn, maar in elk geval nie later nie as 1 September 1982, skriftelik by die ondergetekende indien.

J L MULLER
Stadsklerk

Burgersentrum
Patmoreweg
Orkney
2620
18 Augustus 1982
Kennisgewing No 26/1982

943—18

TOWN COUNCIL OF PIET RETIEF

AMENDMENTS OF BY-LAWS

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, as amended, that it is the intention of the Council to amend the following By-laws:

1. Sanitary Removal.
2. Removal of Refuse.
3. Building plan Tariffs.

The general purport of the amendments is the increase of the tariffs.

Copies of the above-mentioned amendments are open for inspection during office hours at the offices of the Council for a period of 14 (fourteen) days from date of publication of this notice.

Any person who desires to record his objection to the said amendments, shall do so in writing to the Town Clerk within 14 (fourteen) days after publication of this notice.

L G J TRICHARDT
Acting Town Clerk

PO Box 23
Piet Retief 2380
18 August 1982
Notice No 59/1982

STADSRAAD VAN PIET RETIEF

WYSIGING VAN VERORDENINGE

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, soos gewysig, dat die Stadsraad van Piet Retief voornemens is om die volgende verordeninge te wysig:

1. Riooldiens.

2. Verwydering van Vullis.

3. Bouplanfooie.

Die algemene strekking van die wysiging is die verhoging van tariewe.

Afskrifte van bogemelde wysigings sal vir 'n tydperk van 14 (veertien) dae vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing by die kantoor van die Raad gedurende kantoorure ter insae lê.

Enige persoon wat beswaar teen vermelde wysiging wil aanteken moet dit skriftelik by die Stadsklerk doen binne 14 (veertien) dae na die datum van hierdie publikasie.

L G J TRICHARDT
Waarnemende Stadsklerk

Posbus 23
Piet Retief
2380
18 Augustus 1982
Kennisgewing No 59/1982

944—18

TOWN COUNCIL OF PIETERSBURG
REVOCATION OF FIRE BRIGADE BY-LAWS AND ADOPTION OF STANDARD BY-LAWS RELATING TO FIRE BRIGADE SERVICES

Notice is hereby given in terms of section 96 bis of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Pietersburg intends to revoke the Fire Brigade By-laws, published under Administrator's Notice 358, dated 24 March 1971, as amended in order to adopt the Standard By-laws Relating to Fire Brigade Services, published under Administrator's Notice 1771, dated 23 December 1981, as by-laws made by the Council

Copies of the by-laws are open for inspection at Room 408, Civic Centre, Pietersburg, for a period of fourteen (14) days as from date of publication hereof.

Any person who wishes to object against the said by-laws must lodge such objection in writing with the undersigned within fourteen (14) days of publication hereof in the Provincial Gazette.

J A BOTES
Town Clerk

Civic Centre
Pietersburg
18 August 1982

STADSRAAD VAN PIETERSBURG

HERROEPING VAN BRANDWEERVERORDENINGE EN AANNAME VAN STANDAARD-VERORDENINGE BETREFFENDE BRANDWEERDIENSTE

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 96 bis van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur 1939, dat die Stadsraad van Pietersburg voornemens is om die Brandweerverordeninge afgekondig by Administrateurskennisgewing 358 van 24 Maart 1971, soos gewysig, te herroep ten einde die Standaardverordeninge Betreffende Brandweerdienste, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1771 van 23 Desember 1981 te aanvaar as verordeninge deur die Raad opgestel.

Afskrifte van die verordeninge is gedurende gewone kantoorure ter insae by Kamer 408, Burgersentrum, Pietersburg, vir 'n tydperk van veertien (14) dae vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

Enige persoon wat beswaar teen die genoemde verordeninge wil maak, moet sodanige beswaar skriftelik by die ondergetekende indien binne veertien (14) dae na datum van die publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant.

J A BOTES
Stadsklerk

Burgersentrum
Pietersburg
18 Augustus 1982

945—18

MUNICIPALITY OF RANDFONTEIN

LOCAL AUTHORITY OF RANDFONTEIN VALUATION ROLL FOR THE FINANCIAL YEARS 1982/83, 1983/84 AND 1984/85

(Regulation 12)

Notice is hereby given in terms of section 16(4)(a) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the valuation roll for the financial years 1982/83, 1983/84 and 1984/85 of all rateable property within the municipality has been certified and signed by the chairman of the valuation board and has therefore become fixed and binding upon all persons concerned as contemplated in section 16(3) of that Ordinance.

However, attention is directed to section 17 of the said Ordinance, which provides as follows:

"Right of appeal against decision of valuation board.

17.(1) An objector who has appeared or has been represented before a valuation board, including an objector who has lodged or presented a reply contemplated in section 15(4) may appeal against the decision of such board in respect of which he is an objector within thirty days from the date of the publication in the Provincial Gazette of the notice referred to in section 16(4)(a) or, where the provisions of section 16(5) are applicable, whithin twenty-one days after the day on which the reasons referred to therein, were forwarded to such objector, by lodging with the secretary of such board a notice of appeal in the manner and in accordance with the procedure prescribed and such secretary shall forward forthwith a copy of such notice of appeal to the valuer and to the local authority concerned.

(2) A local authority which is not an objector may appeal against any decision of a valuation board in the manner contemplated in subsection (1) and any other person who is not an objector but who is directly affected by a decision of a valuation board may, in like manner, appeal against such decision."

A notice of appeal form may be obtained from the secretary of the valuation board.

J A DU PLESSIS
Secretary: Valuation Board

PO Box 218
Randfontein
1760
18 August 1982
Notice No 42/1982

MUNISIPALITEIT RANDFONTEIN

PLAASLIKE BESTUUR VAN RANDFONTEIN WAARDERINGSLYS VIR DIE BOEKJARE 1982/83, 1983/84 en 1984/85

(Regulasie 12)

Kennis word hierby ingevolge artikel 16(4)(a) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977, (Ordonnansie 11 van 1977) gegee dat die waarderingslys vir die boekjare 1982/83, 1983/84 en 1984/85 van alle belasbare eiendom binne die munisipaliteit deur die voorsitter van die waarderingsraad gesertifiseer en geteken is en gevolglik finaal en bindend geword het op alle betrokke persone soos in artikel 16(3) van daardie Ordonnansie beoog.

Die aandag word egter gevestig op artikel 17 van die gemelde Ordonnansie wat soos volg bepaal:

"Reg van appèl teen beslissing van waarderingsraad.

17.(1) 'n Beswaarmaker wat voor 'n waarderingsraad verskyn het of verteenwoordig was, met inbegrip van 'n beswaarmaker wat 'n antwoord soos in artikel 15(4) beoog, ingedien of voorgelê het, kan teen die beslissing van sodanige raad ten opsigte waarvan hy 'n beswaarmaker is, binne dertig dae vanaf die datum van die publikasie in die Provinsiale Koerant van die kennisgewing in artikel 16(4)(a) genoem of, waar die bepalings van artikel 16(5) van toepassing is, binne een-en-twintig dae na die dag waarop die redes daarin genoem, aan sodanige beswaarmaker gestuur is, appèl aanteken deur by die sekretaris van sodanige raad 'n kennisgewing van appèl op die wyse soos voorgeskryf en in ooreenstemming met die prosedure soos voorgeskryf in te dien en sodanige sekretaris stuur onverwyld 'n afskrif van sodanige kennisgewing van appèl aan die waardeerder en aan die betrokke plaaslike bestuur.

(2) 'n Plaaslike bestuur wat nie 'n beswaarmaker is nie, kan teen enige beslissing van 'n waarderingsraad appèl aanteken op die wyse in subartikel (1) beoog en enige ander persoon wat nie 'n beswaarmaker is nie maar wat regstreeks deur 'n beslissing van 'n waarderingsraad geraak word, kan op dergelike wyse, teen sodanige beslissing appèl aanteken."

'n Vorm vir kennisgewing van appèl kan van die sekretaris van die waarderingsraad verkry word.

J A DU PLESSIS
Sekretaris: Waarderingsraad

Posbus 218
Randfontein
1760
18 Augustus 1982
Kennisgewing No 42/1982

946—18

PONGOLA HEALTH COMMITTEE

AMENDMENT TO AIRFIELD BY-LAWS

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 96 of the Local Government Ordinance No 17 of 1939, that the Pongola Health Committee to amend the Airfield By-laws.

The purport of the amendment is to make provision for the increase of landing fees.

Copies of the proposed amendment will be open for inspection at the office of the Secretary for a period of fourteen (14) days from date of this notice.

Objections against the proposed amendment, if any, must be lodged in writing with the undersigned not later than 3 September 1982.

J R SWANTON
Secretary/Treasurer

Health Committee Offices
PO Box 191
Pongola
3170
18 August 1982
Notice No 12/1982

PONGOLA GESONDHEIDSKOMITEE

WYSIGING VAN VLIEGVELDVERORDENINGE

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur No 17 van 1939, dat die Gesondheidskomitee van Pongola van voorneme is om die Vliegveldverordeninge te wysig.

Die doel van die wysiging is om voorsiening te maak vir verhoogde landingsfooie.

Afskrifte van die voorgestelde wysiging lê ter insae by die kantoor van die Sekretaris vir 'n tydperk van veertien (14) dae vanaf die datum van publikasie hiervan.

Besware teen die voorgestelde wysiging, indien enige, moet skriftelik by ondergetekende ingedien word nie later nie as 3 September 1982.

J R SWANTON
Sekretaris/Tesourier

Pongola Gesondheidskomiteekantoor
Posbus 191
Pongola
3170
18 Augustus 1982
Kennisgewing No 12/1982

947—18

TOWN COUNCIL OF POTGIETERSRUS

AMENDMENT OF TOWN LANDS BY-LAWS

It is hereby notified in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Potgietersrus intends to amend the Town Lands By-laws of the Potgietersrus Municipality, published under Administrator's Notice No 229 dated 23 February 1977.

The general purport of this amendment is to increase the tariff for the removal of sand.

Copies of the amendment are open to inspection at the office of the Town Secretary for a period of fourteen (14) days from the date of publication hereof in the Provincial Gazette.

Any person who desires to record his objection to the said amendment must do so in writing to the undermentioned within 14 days after the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

C F B MATTHEUS
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 34
Potgietersrus
0600
18 August 1982
Notice No 46/1982

STADSRAAD VAN POTGIETERSRUS

WYSIGING VAN DORPSGRONDVERORDENINGE

Daar word hierby ingevolge artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend gemaak dat die Stadsraad van Potgietersrus van voorneme is om die Dorpsgrondverordeninge van toepassing op die Stadsraad van Potgietersrus, afgekondig by Administrateurskennisgewing No 229 van 23 Februarie 1977 te wysig.

Die algemene strekking van hierdie wysiging is om die tariewe vir die verwydering van sand te verhoog.

Afskrifte van hierdie wysiging lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris vir 'n tydperk van veertien (14) dae vanaf die datum van publikasie hiervan in die Provinsiale Koerant.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysiging wens aan te teken, moet dit skriftelik binne 14 dae na datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant, by die ondergetekende doen.

C F B MATTHEUS
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 34
Potgietersrus
0600
18 Augustus 1982
Kennisgewing No 46/1982

948/18

TOWN COUNCIL OF POTGIETERSRUS

AMENDMENT TO STANDARD BY-LAWS RELATING TO FIRE BRIGADE SERVICES

It is hereby notified in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Potgietersrus intends to amend the Standard By-laws Relating to Fire Brigade Services of the Potgietersrus Municipality, published under Administrator's Notice No 1771, dated 23 December 1981, adopted by the Council under Administror's Notice 626 dated 2 June 1982.

The general purport of this amendment is to mak it an offence to tamper with any fire fighting equipment and to determine a tariff for the resealing of fire fighting equipment.

Copies of the amendment are open to inspection at the office of the Town Secretary for a period of fourteen (14) days from the date of publication hereof in the Provincial Gazette.

Any person who desires to record his objection to the said amendment must do so in writing to the undermentioned within 14 days after the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

C F B MATTHEUS
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 34
Potgietersrus
0600
18 August 1982
Notice No 47/1982

STADSRAAD VAN POTGIETERSRUS

WYSIGING VAN VERORDENINGE BETREFFENDE BRANDWEERDIENSTE

Daar word hierby ingevolge artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend gemaak dat die Stadsraad van Potgietersrus van voorneme is om die Standaardverordeninge Betreffende Brandweerdienste, afgekondig onder Administrateurskennisgewing No 1771 van 23 Desember 1981, deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 626 van 2 Junie 1982, te wysig.

Die algemene strekking van hierdie wysiging is om dit 'n oortreding te maak om met enige brandbestrydingstoerusting te peuter en om 'n tarief vir die herseël van brandbestrydingstoerusting te bepaal.

Afskrifte van hierdie wysiging lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris vir 'n tydperk van veertien (14) dae vanaf die datum van publikasie hiervan in die Provinsiale Koerant.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysiging wens aan te teken, moet dit skriftelik binne 14 dae na datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant, by die ondergetekende doen.

C F B MATTHEUS
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 34
Potgietersrus
0600
18 Augustus 1982
Kennisgewing No 47/1982

949/18

TOWN COUNCIL OF POTCHEFSTROOM

DETERMINATION OF CHARGES: LAKESIDE RECREATION RESORT

Notice is hereby given in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939, that the Council has by special resolution dated 1982-06-23 determined charges relating to the Lakeside Recreation Resort.

The general purport of the resolution is to revoke the existing tariff of charges, as amended, and to substitute same for a new tariff of charges with effect from 1982-09-01.

A copy of the said resolution and particulars of the determination are open for inspection at the office of the Town Secretary, Room 311, Municipal Offices, Potchefstroom, for a period of 14 days from date of publication hereof in the Provincial Gazette, viz. 1982-08-18.

Any person who wishes to object to the determination, must lodge such objection in writing with the undersigned within 14 days of publication hereof in the Provincial Gazette.

S H OLIVIER
Town Clerk

Municipal Offices
Potchefstroom
18 August 1982
Notice No 67/1982

STADSRAAD VAN POTCHEFSTROOM

VASSTELLING VAN GELDE: DAMONTSPANNINGSOORD

Daar word hierby ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend gemaak dat die Raad by spesiale besluit van 1982-06-23 gelde vasgestel het met betrekking tot die Damontspanningsoord.

Die algemene strekking van die besluit is om die bestaande tarief van gelde, soos gewysig, te herroep en met 'n nuwe tarief van gelde te vervang met ingang van 1982-09-01.

Afskrifte van genoemde besluit en besonderhede van die vasstelling lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer 311, Munisipale Kantore, Potchefstroom, vir 'n tydperk van 14 dae met ingang van die datum van publikasie hiervan in die Provinsiale Koerant, naamlik 1982-08-18.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde vasstelling wens aan te teken, moet dit skriftelik binne 14 dae na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant, by ondergetekende doen.

S H OLIVIER
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Potchefstroom
18 Augustus 1982
Kennisgewing No 67/1982

950—18

TOWN COUNCIL OF RUSTENBURG

DETERMINATION OF CHARGES FOR LICENCES

In terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), it is hereby notified that the Town Council of Rustenburg has by special resolution dated 24 May 1982 with effect from 1 January 1983 repealed the determination published under Municipal Notice 10/1982 dated 10 February 1982 and has determined the charges set out hereinafter:

Tariff of Licence Charges.

Description and yearly tariff.

1. Animal-drawn vehicle: R6.

2. Taxi: R100.

3. Lorry: R50.

4. Bus or minibus (except a bus equipped and exclusively used for the transportation of school children to and from school): R150.

5. Petrol pump on pavement: R20.

6. Boring machine which is not taxable in terms of the Road Traffic Ordinance, 1966: R10.

7. Duplicate licence: R1.

8. Duplicate plate or licence badge: R1.

W J ERASMUS
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 16
Rustenburg
0300
18 August 1982
Notice No 65/1982

STADSRAAD VAN RUSTENBURG

VASSTELLING VAN LISENSIEGELDE

Ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), word hierby bekendgemaak dat die Stadsraad van Rustenburg by spesiale besluit gedateer 24 Mei 1982 met effek vanaf 1 Januarie 1983 die vasstelling van lisensiegelde gepubliseer by Munisipale Kennisgewing 10/1982 herroep het en die gelde soos hierna uiteengesit vasgestel het:

Tarief van Lisensiegelde.

Beskrywing en jaarlikse tarief.

1. Voertuig deur diere getrek: R6.

2. Taxi: R100.

3. Vragmotor: R50.

4. Bus of minibus (uitgesluit 'n bus wat ingerig en uitsluitlik gebruik word vir die vervoer van skoolkinders na en van die skool): R150.

5. Petrolpomp op sypad: R20.

6. Boormasjien wat nie kragtens die bepalings van die Ordonnansie op Padverkeer 1966 belasbaar is nie: R10.

7. Duplikaat-lisensie: R1.

8. Duplikaat plaatjie of kenteken: R1,00.

W J ERASMUS
Stadsklerk

Stadskantore
Posbus 16
Rustenburg
0300
18 Augustus 1982
Kennisgewing No 65/1982

951—18

TOWN COUNCIL OF RUSTENBURG

AMENDMENT OF CHARGES: ELECTRICITY SUPPLY

In terms of the provisions of section 80B(3) of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), it is hereby notified that the surcharge as determined in item 8 of the Tariffs payable for the supply of Electricty has been repealed by the Council and an increased surcharge of 80,88 % has been determined with effect from 27 July 1982.

The purpose of the increase in the surcharge is to cover the increased costs for the purchase of electricty from Escom which came into operation on 1 July 1982.

Copies of the special resolution of the Town Council and full particulars of the amendment of the tariffs are open for inspection at the office of the Town Secretary, Room 605, Municipal Offices, Burger Street, Rustenburg for a period of fourteen (14) days from 18 August 1982 being the date of publication of this notice in the Official Gazette for the Province Transvaal until 2 September 1982.

Any person who wishes to object must do so in writing to the Town Clerk, PO Box 16, Rustenburg within fourteen (14) days from the date of publication hereof in the Provincial Gazette.

TOWN CLERK

Municipal Offices
PO Box 16
Rustenburg
0300
18 August 1982
Notice No 68/1982

STADSRAAD VAN RUSTENBURG

WYSIGING VAN TARIEWE: ELEKTRISITEITSVOORSIENING

Ingevolge artikel 80B(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), word hierby bekendgemaak dat die Stadsraad van Rustenburg by spesiale besluit vanaf 27 Julie 1982 die toeslag bepaal in item 8 van die Tariewe betaalbaar vir Elektrisiteitsvoorsiening herroep het en 'n verhoogde toeslag van 80,88 % vasgestel het.

Die doel van die verhoging van die toeslag is om die verhoogde koste vir die aankoop van elektrisiteit vanaf Evkom, wat op 1 Julie 1982 in werking getree het, te verhaal.

Afskrifte van die spesiale besluit van die Stadsraad en volle besonderhede oor die wysiging van die tariewe lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer 605, Stadskantore, Burgerstraat, Rustenburg vir 'n tydperk van veertien (14) dae vanaf 18 Augustus 1982, dit is die datum van publikasie hiervan in die Offisiële Koerant van die Provinsie Transvaal tot 2 September 1982.

Enige persoon wat beswaar hierteen wens aan te teken, moet dit skriftelik by die Stadsklerk, Posbus 16, Rustenburg doen binne veertien (14) dae na die datum van publikasie van die kennisgewing in die Offisiele Koerant.

STADSKLERK

Stadskantore
Posbus 16
Rustenburg
0300
18 Augustus 1982
Kennisgewing No 68/1982

952—18

TOWN COUNCIL OF STANDERTON

PROPOSED AMENDMENT OF BY-LAWS

It is hereby notified in terms of section 96 of the Local Government Ordinance 17 of 1939, as amended, that the Town Council proposes to further amend the following by-laws:

(1) The Uniform Public Health By-laws and Regulations published under Administrator's Notice 148 dated 21 February 1951, as amended.

(2) The Standard Building By-laws published under Administrator's Notice 1974 Volume 218 dated 7 November 1974 as amended.

The general purport of these amendments is to regulate the provision of toilets for non-Whites.

Copies of these amendments will be open for inspection at the office of the Council for a period of fourteen (14) days from date of publication hereof.

Any person who wishes to object to the proposed amendments must lodge his/her objection in writing with the undersigned within fourteen (14) days after the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

G B HEUNIS
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 66
Standerton
2430
18 August 1982
Notice No 32/1982

STADSRAAD VAN STANDERTON

VOORGENOME WYSIGING VAN VERORDENINGE

Daar word hierby ingevolge artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur 17 van 1939, soos gewysig bekend gemaak dat die Raad van voorneme is om die volgende verordeninge te wysig.

(1) Die Eenvormige Publieke Gesondheidsverordeninge en Regulasies afgekondig by Administrateurskennisgewing 148 gedateer 21 Februarie 1951, soos gewysig.

(2) Die Standaard-bouverordeninge afgekondig by Administrateurskennisgewing 1974 Volume 218 gedateer 27 November 1974, soos gewysig.

Die algemene strekking van hierdie wysiging is om die voorsiening van toilette vir anderskleuriges te reguleer.

Afskrifte van hierdie wysigings lê ter insae by die kantoor van die Raad vir 'n tydperk van veertien (14) dae vanaf die datum van publikasie hiervan.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysiging wens aan te teken, moet dit skriftelik

binne veertien (14) dae na die datum van publikasie van die kennisgewing in die Provinsiale Koerant, by die ondergetekende doen.

C B HEUNIS
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 66
Standerton
2430
18 Augustus 1982
Kennisgewing No 32/1982

953—18

TOWN COUNCIL OF SANDTON

AMENDMENT TO BY-LAWS

It is hereby notified in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Council intends to further amend the Refuse Removal By-laws adopted by the Council under Administrator's Notice 1917, dated 21 December 1977, as amended.

The general purport of the amendment is to increase the charges under item 1 to 9 of the Tariff of Charges under the Schedule.

Copies of the amendment to the by-laws are open for inspection at the offices of the Council for a period of fourteen (14) days from the date of publication hereof.

Any person who desires to record his objection to the said amendment must do so in writing to the under-mentioned within fourteen (14) days after the date of publication of this notice in the Provincial Gazette, viz 18 August 1982.

J J PRETORIUS
Town Clerk

Civic Centre
Rivonia Road
PO Box 78001
Sandton
2146
18 August 1982
Notice No 99/1982

STADSRAAD VAN SANDTON

WYSIGING VAN VERORDENINGE

Daar word hierby ingevolge artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend gemaak dat die Raad voornemens is om die Verordeninge Betreffende Afvalverwydering deur die Raad aangeneem by Administrateurskennisgewing 1917 van 21 Desember 1977, soos gewysig, verder te wysig.

Die algemene strekking van die wysiging is om die gelde in items 1 tot 9 van die Tarief van Gelde onder die Bylae te verhoog.

Afskrifte van die wysiging van die verordeninge lê ter insae by die kantoor van die Raad vir 'n tydperk van veertien dae vanaf die datum van publikasie hiervan.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysiging wens aan te teken moet dit skriftelik binne veertien dae na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant, viz 18 Augustus 1982, by die ondergetekende doen.

J J PRETORIUS
Stadsklerk

Burgersentrum
Rivoniaweg
Posbus 78001
Sandton
2146
18 Augustus 1982
Kennisgewing No 99/1982

TRANSVAAL BOARD FOR THE DEVELOPMENT OF PERI-URBAN AREAS

AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS

It is hereby notified in terms of the provisions of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that it is the Board's intention to amend the Water Supply By-laws in order to levy a basic charge for the consumers of the water scheme in the areas of Rosslyn, Rosslyn Extensions 1 and 2.

Copies of these amendments are open for inspection in Room A.407 at the Board's Head Office, 320 Bosman Street, Pretoria, for a period of fourteen days from the date of publication hereof.

Any person who desires to record his objection to the said amendments must do so in writing to the undermentioned within 14 days after the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

B G E ROUX
Secretary

PO Box 1341
Pretoria
18 August 1982
Notice No 113/1982

TRANSVAALSE RAAD VIR DIE ONTWIKKELING VAN BUITESTEDELIKE GEBIEDE

WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE

Daar word bekend gemaak, ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Raad van voorneme is om die Watervoorsieningsverordeninge te wysig ten einde 'n basiese heffing daar te stel vir die verbruikers van die waterskema in die gebiede van Rosslyn, Rosslyn Uitbreidings 1 en 2.

Afskrifte van hierdie wysigings lê ter insae in Kamer A.407 by die Raad se Hoofkantoor, Bosmanstraat 320, Pretoria, vir 'n tydperk van veertien dae na die datum van publikasie hiervan.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysigings wil aanteken moet dit skriftelik binne 14 dae na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant by die ondergetekende doen.

B G E ROUX
Sekretaris

Posbus 1341
Pretoria
18 Augustus 1982
Kennisgewing No 113/1982

955—18

TRANSVAAL BOARD FOR THE DEVELOPMENT OF PERI-URBAN AREAS

PROPOSED PERMANENT CLOSING OF A SERVICE ROAD BETWEEN ROADS N1-9 AND P162-1 IN GELUKSDAL AGRICULTURAL HOLDINGS AND ALIENATION THEREOF TO MESSRS. MIGSON INVESTMENTS (PTY) LTD.

Notice is hereby given in terms of section 67 and 79(18) of the Local Government Ordinance No 17 of 1939, as amended, that the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas intends closing permanently a service road between the N1-9 and P162-1 road in Geluksdal Agricultural Holdings and to alienate it to Messrs. Migson Investments (Pty) Ltd for township development purposes.

A plan showing the service road to be closed will lie for inspection during normal office hours for a period of sixty (60) days, as from the date of this notice in Room B501, H.B. Phillips Building, 320 Bosman Street, Pretoria.

Any person who wishes to object to the proposed closing or who may have any claim for compensation, if such closing is carried out, must lodge such objection or claim in writing, with the undersigned not later than 18 October 1982 at 16h15.

Any person who wishes to object to the proposed alienation of the service road portion must lodge such objection in writing to the undersigned not later than 2 September 1982 at 16h15.

B G E ROUX
Secretary

Transvaal Board for the Development
of Peri-Urban Areas
PO Box 1341
Pretoria
0001
18 August 1982
Notice No 115/1982

TRANSVAALSE RAAD VIR DIE ONTWIKKELING VAN BUITESTEDELIKE GEBIEDE

VOORGESTELDE PERMANENTE SLUITING VAN 'N GEDEELTE VAN DIE DIENSPAD IN GELUKSDAL-LANDBOUHOEWES TUSSEN DIE N1-19 EN P162-1 PAAIE EN VERVREEMDING DAARVAN AAN MENERE MIGSON INVESTMENTS (EDMS) BPK.

